higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUUR: BOERDERY N4

(4090544)

23 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

302Q1B2023

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUUR: BOERDERY N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

VERSKEIE opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Goedere wat permanente inwoners van 'n bepaalde land binne die grense van daardie land in 'n spesifieke tydperk produseer.

A BBP ('GDP')
B GPD
C BNP ('GNP')
D NBP ('NDP')

1.2 Wanneer 'n boer nuwe idees implementeer om sy/haar boerderypraktyk te verbeter, word die boer ... genoem.

A 'n probleemoplosser
B innoverend
C 'n goeie bestuurder
D 'n koördineerder

1.3 'n Toestand in die mark waar produkte wat aangebied word gelyk is aan wat verbruikers wil koop.

A Markstabiliteit
B Mark-ewewig
C Spinnerak ('cobweb')
D Vraagelastisiteit

1.4 'n Balansstaat kan nie gebruik word om hierdie prestasiestandaard te meet nie.

A Finansiële likiditeit
B Netto waarde
C Finansiële solvensie
D Mensehulpbrondoeltreffendheid

1.5 Dit is leierskapsmag waar die bestuurder daarop aandring dat sy ondergeskiktes pligte uitvoer.

A Lonende mag
B Regsgeldige mag
C Persoonlike mag
D Dwingende mag

Kopiereg voorbehou

1.6 'n Individuele boer kan die mark beswaarlik beïnvloed weens swak ...

A onderhandelingsmag.
B produksiemag.
C innoverende mag.
D bemarkingsmag.

1.7 'n Land met 'n lae bevolkingsgroeitempo sal altyd ... op plase hê.

A 'n ouer werksmag
B 'n jonger werksmag
C 'n jong en ou werksmag
D 'n lae-koste-werksmag

1.8 Die kerntaak van hierdie departement op 'n plaas is om werkstoestande te verseker wat daarop gemik is om personeel te behou en nuwe gekwalifiseerde personeel na die onderneming te lok.

A Bemarkingsdepartement
B Produksiedepartement
C Finansiesdepartement
D Mensehulpbrondepartement

1.9 ... bepaal spesifikasies waaraan 'n produk moet voldoen om 'n bepaalde graad te behaal.

A Produksie
B Gradering
C Klassifikasie
D Standaardisering

1.10 Boere wat statutêre produkte produseer gebruik hierdie verspreidingskanaal.

A Vrye mark
B Agente van die raad
C Spekulante
D Beheerde markte

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Tussen 1980 en 1992 was die groei van die bruto binnelandse produk 'n gemiddeld van 2,8%.

2.2 Die hoofdoel waarom Suid-Afrika handelsooreenkomste met ander lande aangaan is om sy eie landbousektor te beskerm.

Kopiereg voorbehou

2.3 Algemene prestasiemeting op 'n plaas is slegs moontlik indien die bestuurder 'n akkurate rekordstelsel byhou.

2.4 Dit is maklik om die produksieaktiwiteite van alle boere in 'n gebied te koördineer om hul goedere in dieselfde mark te bemark.

2.5 'n Plaasbestuurder se doeltreffende plan is op kennis en begrip van bereikbare doelwitte gebaseer.

2.6 Die uitbreiding van boerderybedrywighede is 'n korttermyndoelwit van Suid-Afrikaanse boere.

2.7 'n Doelwit in bemarking is meer as blote voorspelling.

2.8 Die verwerking van melk tot byprodukte soos kaas is 'n primêre bemarkingsaktiwiteit.

2.9 Formele en informele kommunikasietegnieke verminder doeltreffende kommunikasie in boerderyondernemings.

2.10 Generiese en kollektiewe reklameveldtogte stimuleer nie die vraag na individuele boere se produkte nie.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Insetverskaffers	A	beïnvloed besluitnemingsprosesse
3.2	Vervoer	B	sender, ontvanger en boodskap
3.3	Maksimum pryse van landbouprodukte	C	sekondêre aktiwiteit op 'n plaas
3.4	Die boer se finansiële status	D	vloerpryse
3.5	Kommunikasieproses	E	primêre aktiwiteit in 'n mark
		F	bemiddelaars
		G	plafonpryse

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur dit langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Die bestuurder volg al die stappe in die besluitnemingsproses sistematies op grond van die verskillende aspekte van 'n probleem.

4.2 'n Teiken wat 'n boer vir hom-/haarself en die boerderybedrywighede stel.

4.3 'n Vorm van bemarking waar wins 'n aansporing is vir al die aktiwiteite wat uitgevoer word.

4.4 Die sensitiwiteit van die vraag na 'n produk op die prysveranderinge van die bepaalde produk.

4.5 'n Dokument wat 'n bepaalde bedryf en werknemers in die uitvoering van hul pligte lei.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Noem TWEE aspekte oor die aard van landboumarkte wat boere beïnvloed. (2 × 2) (4)

5.2 Landbouaktiwiteite dra by tot ekonomiese groei.

Bespreek die wisselwerking tussen die landbousektor 'n land se ekonomie. (5 × 2) (10)

5.3 Noem DRIE vorms van markte wat wêreldwyd deur landboubedrywe gebruik word. (3)

5.4 Noem enige VYF strukturele veranderinge wat sedert 1980 in die Suid-Afrikaanse landbousektor plaasgevind het. (5 × 2) (10)

5.5 Noem DRIE belangrike rolspelers in die landbou. (3)

5.6 Definieer die volgende terme:

5.6.1 Inkomstestabiliteit

5.6.2 Betalingsbalans

(2 × 2) (4)

[34]

VRAAG 6

6.1 Die formulering van doelwitte is nie maklik nie omdat dit moeilik is om te omskryf wat boere wil bereik.

6.1.1 Noem enige VYF oorwegings wat by die definiëring en bereiking van doelwitte vir boere belangrik is. (5 × 2) (10)

6.1.2 Noem VIER vereistes waaraan gegronde doelwitte moet voldoen. (4)

6.2 Noem VIER tipes besluite. (4)

6.3 Die bestuur moet die dinamiek van groepe binne 'n organisasie verstaan.

Noem VYF eienskappe van groepe in boerderyondernemings. (5)

6.4 Bespreek die produksiebestuurstelsel op 'n plaas in detail. (5 × 2) (10)

6.5 Wat word die organisasiestruktuur in die landbousektor genoem waar een persoon in beheer is en instruksies gee? (1)

[34]

VRAAG 7

7.1 Goeie kommunikasie in 'n boerderyonderneming is noodsaaklik omdat dit aan werkgewers en werknemers noodsaaklike inligting verskaf.

Noem SES riglyne wat gevolg moet word om doeltreffende kommunikasie te bewerkstellig. (6)

7.2 Verduidelik hoe 'n boer die doeltreffendheid van arbeiders se opleiding tydens opleidingsessies kan bevorder. (4 × 2) (8)

7.3 Noem SEWE tegnieke wat boere as instrumente kan gebruik om doeltreffende beplanning in boerderyondernemings te bereik. (7)

7.4 Die benadering van bestuur volgens doelwitte is op die aanname gebaseer dat dit beter is om 'n bestuurstelsel in plek te hê as om nie een te hê nie.

Gee die NEGE stappe wat die benadering van bestuur deur doelwitte behels. (9)

7.5 Noem VIER aspekte wat deur 'n behoorlike rekord verskaf moet word. (4)

[34]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8

8.1 Beskryf die TWEE belangrikste groepe aktiwiteite wat deel van die voedselbemarkingstelsel in die verwerking van voedselvoorraad uitmaak. (2 × 2) (4)

8.2 Bespreek VYF faktore wat die aanbodposisie van landbouprodukte vir individuele boere beïnvloed. (5 × 2) (10)

8.3 Noem DRIE tipes risiko's wat in die proses waarin goedere na verbruikers oorgedra word, tot moontlike skade aan goedere kan lei. (3)

8.4 Markinligting is enige inligting wat op produksie en bemarking van goedere betrekking het.

Bespreek die DRIE kategorieë markinligting in die landbou. (3 × 3) (9)

8.5 Noem enige VIER eksterne omgewingsfaktore wat landboubemarking beïnvloed. (4)

8.6 Definieer die volgende terme:

8.6.1 Vraagelastisiteit van 'n produk

8.6.2 Makrobemarkingsbenadering

(2 × 2) (4)
[34]

VRAAG 9

9.1 Noem VYF verspreidingskanale wat algemeen deur individuele Suid-Afrikaanse boere gebruik word. (5)

9.2 Definieer die volgende terme:

9.2.1 Teikenmark

9.2.2 Bemarking

9.2.3 Bemarkingsdoelwitte

(3 × 2) (6)

9.3 Noem die VIER elemente van die bemarkingsamestelling en gee bepalers van elk. (4 × 2) (8)

9.4 Wanneer 'n boer 'n situasieontleding van 'n bemarkingstrategie doen gebruik hy/sy 'n SWOT-ontleding as een van die stappe.

Verduidelik wat hierdie tegniek behels. (9)

Kopiereg voorbehou

9.5 Noem VIER strategieë wat voorheen gebruik is om landboupryse in Suid-Afrika te stabiliseer. (4)

9.6 Beskryf hoe die spinnerakteorie ('cobweb theory') van die ewewigteorie verskil. (2)
[34]

TOTAAL AFDELING B: 170
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou